

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 Oktober 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 119:27, 36 (p. 592)

- 2 Al u vonnisse is suiwer, / maar onsuiver was my weg;
7 dat U my dan swaar verdruk het, / is 'n daad van trou en reg.
Dog waar ek in u beloftes / al my heil soek en geluk,
bid ek dat U, na u goedheid, / my wil troos in al my druk.
- 3 Nimmer, nêrens het my oë / op die wêreld iets aanskou
6 wat bestendig voort kan duur nie / en sy wese kan behou.
Wat volmaak skyn, het 'n einde, / moet, met al wat is, verslyt;
net u wet, in duur onendig, / is volmaak en eind'loos wyd.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Gebed

Psalm 19:5, 7 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Skriflesing: Matteus 5:1-20; Heidelbergse Kategismus, Sondag 2:3-5

Kernvers: Matteus 5:20

Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

(Matteus 5:20 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 3: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: Uit die wet van God (a).

(a) Rom 3:20.

Vraag 4: Wat eis die wet van God van ons?

Antwoord: Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete (a).

(a) Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27.

Vraag 5: Kan jy dit alles ten volle nakom?

Antwoord: Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b).

(a) Rom 3:10, 20, 23; 1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.

'n Oriëntering

In die heel eerste vraag en antwoord van ons Heidelbergse Kategismus gee ons 'n samevattende inleiding om te sê waaroor die Kategismus handel. Hierdie belydenis van ons gaan oor troos vir die gelowiges – troos omdat hulle in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan hulle getroue Verlosser Jesus Christus behoort. In daardie eerste antwoord sê ons baie bondig hoekom gelowiges troos nodig het, wie hierdie troos vir hulle bewerkstellig en watter heerlike gevolge hierdie troos vir hulle inhou.

In die tweede vraag en antwoord kry ons 'n oorsig van die drie dele waaruit die Kategismus bestaan. Dit is die drie dinge wat 'n mens moet weet om hierdie troos werklik te beleef. 'n Mens moet weet hoe groot en hoe erg jou sonde is, jy moet weet hoe jy daarvan verlos word en jy moet weet hoe jy vir so 'n verlossing dankie kan sê.

Sondag 2 is die begin van die eerste deel van hierdie drie dele van ons Kategismus. Die eerste deel bestaan uit Sondag 2, 3 en 4. En die opskrif van hierdie eerste deel is: *Die ellen-de van die mens*. Die volgende drie vrae sal ons help om raak te sien hoe hierdie eerste deel van ons Kategismus inmeekaarpas:

Die vraag by Sondag 2: Hoe kan die mens weet dat hy 'n sondaar is?

Sondag 3: Waar kom die sonde van die mens vandaan?

Sondag 4: Hoe groot is God se straf op die sonde?

Tema: Wat God van die mens verwag teenoor dit waartoe die mens in staat is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, baie van ons het al die teleurstelling gehad dat iets nie heeltemal of selfs glad nie aan jou verwagting voldoen nie. Jy kry byvoorbeeld 'n resep van 'n gereg met 'n foto van die gereg langs die resep. Net met die lees van die resep en die foto daarby laat jou mond al water.

Daarom besluit jy dat jy die gereg gaan maak. Jy kry al die bestanddele bymekaar en jy volg die resep presies soos dit daar vir jou geskryf staan. En na die aanbevole tyd haal jy die gereg uit die oond uit. Die eerste wat jou opval is dat wat jy daar uit die oond uithaal nie eers naastenby lyk soos die foto van die gereg nie. En toe jy daaraan proe, smaak dit nie eers naastenby soos jy verwag het dit moet smaak nie.

Broers, susters en kinders, kom ons skuif hierdie teleurstelling net eers eenkant. Ons wil uiteindelik hoor of ons mense 'n teleurstelling is vir God en hoekom. Wat ons nou vir mekaar gaan sê, sal ons beslis weer noem in die volgende twee preke in hierdie reeks. Laat ons net eers mooi hierdie vrae en antwoorde van Sondag 2 bekyk sodat ons kan sien wie teleurgesteld is oor ons mense en of daar rede is om teleurgesteld te wees.

Soos ons reeds gesê het, gaan dit in Sondag 2 oor hoe die mens kan weet dat hy 'n sondaar is. In die eerste plek is dit die mens wat bely dat hy met liggaam en siel in lewe en sterwe aan Christus behoort wat hierdie vraag vra. Maar dit is ook die vraag waarmee die hele mensdom gekonfronteer word. Hoe kan ek weet dat my dae, woorde en gedagtes sonde is?

Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry beteken daar moet iets wees waarmee ons ons dae, woorde en gedagtes kan vergelyk. Dit moet iets wees wat vir ons sê wat die regte ding is om te doen, te sê of te dink. As ons na Sondag 2 kyk, sien ons vraag 3 en 4 se antwoorde is die antwoord op ons vraag: Hoe kan 'n mens weet dat hy sonde doen? Die mens leer uit die wet van die Here dat hy sonde doen, want in die wet sê die Here wat die regte ding is om te doen. Jy moet God liefhê en jy moet jou naaste liefhê.

'n Volgende vraag wat nou by 'n mens kan opkom is die volgende: Is die mens 'n sondaar omdat hy sonde doen, of doen hy sonde omdat hy 'n sondaar is? Dit is 'n belangrike vraag. As 'n mens 'n sondaar is omdat jy sonde doen, dan moet die mens mos net ophou om sonde te doen en dan sal hy nie meer 'n sondaar wees nie. Maar elkeen van ons weet dit is makliker gesê as gedaan. Elke ware gelowige probeer tog elke dag om nie sonde te doen nie. En as hy aan die einde van die dag terugkyk, is hy teleurgesteld, want hy het dit nie reggekry nie. Hy weet dat hy weer sonde gedoen het. Met die grootste wil ter wêreld kry hy dit nie reg om op te hou met sonde doen nie.

Hieruit kan 'n mens nou aflei dat dit nie die sondige dinge is wat 'n mens doen wat die mens 'n sondaar maak nie. Die oorsaak of die sondigheid lê dieper as dae, woorde en gedagtes. Dit is in die geaardheid of in die natuur van die mens om sonde te doen. Daarom sê elke ware gelowige – en dit moet elke liewe mens maar van homself ook sê – ek is van nature geneig om sonde te doen. Die waarheid en die werklikheid van wat in elke mens teenwoordig is, is nog erger. En elkeen moet dit maar self sê sodat hy dit goed kan hoor: Ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.

Oor hoe teleurgesteld God oor mense moet wees en of daar rede is dat Hy teleurgesteld moet wees, sal ons volgende week by uitkom. Laat ons nou maar eers uitkom by die Here se verwagting – sy wet waaruit ons ons sonde en ellende leer ken.

Wanneer ons van die wet van die Here praat moet ons dadelik sê wat ons daarmee bedoel. Met die woord *wet* word daar in die Nuwe Testament na die Tien Gebooe verwys. Soms beteken *wet* ook die seremoniële wette. Dit is die voorskrifte wat die Here aan sy volk in die Ou Testament gegee het in verband met die bring van die offers en wat hulle alles in hulle diens aan die Here moes doen.

Wat die seremoniële wette betref – die offers en besnydenis en al die voorskrifte oor die tempel – al hierdie dinge is deur Christus vervul. Jesus het Homself aan hierdie wette onderwerp en dit ook nagekom. Jesus Christus het hierdie seremoniële wette ook aan die kruis tot 'n einde gebring. Sy volmaakte offer was die laaste offer met bloed wat gebring is. Al die offers van die Ou Testament het vooruitgewys na sy volmaakte offer wat Hy gebring het.

Nou is daar ongelukkig mense wat hierdie werk van Christus met betrekking tot die seremoniële wette sommer net so op die Tien Gebooe ook wil toepas. Jesus sê dan self in Matteus 5 dat Hy gekom het om die wet te vervul, argumenteer hulle. Ons moet egter baie goed onthou dat die Tien Gebooe ten nouste verbind is aan die verbond van die Here. Die verbond van die Here is daardie verhouding wat God met Abraham gesluit het

toe Hy vir hom gesê het dat Hy sy God is en die God van sy nageslag tot in hulle geslagte (Gen 17:7). Hierdie verbond van die Here is 'n ewige verbond. Dit beteken dit gaan nooit ophou nie.

Daarom het die Here telkens sy verbond met die nageslag van Abraham bevestig. Hy het dit met Isak gedoen. Hy het dit met Jakob gedoen. En by die berg Sinaï doen die Here dit ook met die volk Israel. En as die Here dan in sy verbond sê dat Hy Israel se God is, beteken dit dat hulle kragtens die verbond ook die Here se volk is. Deurdat Hy vir Israel uit Egipte verlos het, het die Here duidelik gemaak wat dit vir Israel beteken om die Here as hulle God te hê. Wanneer die Here dan sy Tien Gebooie aan hulle gee, hoor hulle wat dit vir hulle inhou om die volk van die Here te wees. Die volk het dus 'n verbondsverantwoordelikheid wat in die Tien Gebooie uitgestippel word.

Aangesien die verbond van die Here ewig is – Hy gaan nie sy verhouding staak nie – beteken dit dat die mense aan wie die Here Homself met hierdie verhouding verbind ook nie hulle verbondsverantwoordelikheid kan staak nie. Lees 'n mens die woorde in Matteus 15:17 klink dit asof daar mense was wat loop en vertel het dat Jesus die wet en die profete ongeldig gaan maak. Daarmee het hulle bedoel dat Jesus die wet tot niet sou maak of vervang met iets heeltemal anders.

Jesus sê duidelik dat Hy nie gekom het om die wet te ontbind nie. Hy gaan dit nie tot niet maak of vervang nie. Nie eens die kleinste deeltjie van die wet sal vergete bly of tot niet gaan voor die einde van die wêreld nie. Toegepas op die Tien Gebooie beteken dit dan dat die Tien Gebooie ten minste tot met die einde van die wêreld sal geld. Dit wil sê, dit geld vandag nog steeds. Daarom kan niemand sê dat die Tien Gebooie nie meer vir ons nodig is nie.

Maar wat bedoel Jesus dan as Hy sê Hy nie gekom om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul? Wat beteken daardie woordjie *vervul*? *Vervul* beteken aan die een kant dat Jesus dit inderdaad gedoen het. As die Seun van God het Jesus volmaak die hele Tien Gebooie gehoorsaam. Natuurlik is Hy ook die enigste een wat die Tien Gebooie volmaak kon ge-hoorsaam. Maar sy gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie beteken nie dat dit vir die gelowiges in die Nuwe Testament nou 'n afgehandelde saak is nie.

Laat ons daarom mooi oplet wat Jesus van vers 21 af tot aan die einde van Matteus 5 verkondig. Hy praat oor doodslaan – dit is die sesde gebod, oor egbreek – dit is die sewende gebod, oor die sweer van 'n eed – dit het te doen met die derde gebod, oor vergelding – wat te doen het met ten minste die sesde, agtste en negende gebod. En dan sluit Hy af met liefde vir jou naaste en daarmee kom die vyfde tot die tiende gebod in die gesigsveld.

As Jesus dan sê Hy het gekom om die wet te vervul beteken dit aan die ander kant dat Hy as die hoogste Profeet en Leraar ook vir mense kom leer het wat God presies met die gebooie bedoel het. 'n Mens kan sê dat jy die sesde gebod volmaak gehoorsaam het as jy nooit in jou lewe iemand anders doodgeslaan het nie. 'n Mens kan ook nie sê dat jy die sewende gebod volmaak gehoorsaam het as jy nooit van jou vrou of sy van haar man geskei het nie. Jesus ontvou elkeen van hierdie gebooie sodat ons kan sien die sesde gebod het ook te doen met kwaad word en skel en vloek. Die sewende gebod het ook te doen met die fliks wat ek kyk en tydskrifte wat ek deurblaai waarin mense skamel geklee of heeltemal naak is.

Wanneer Jesus die gebooie vir ons ontvou, kom ons agter hoe wyd die Tien Gebooie oor

die gelowige se lewe strek. Dit is nie maar net tien skrale ligstraaltjies op die lewe van die mens nie. Daarom kan ons nie dink ons het die Here gehoorsaam wanneer ons hierdie een dingetjie reg gedoen het nie. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het so geredeneer. Hulle het op grond van die Tien Gebooe twee honderd agt en veertig moets en drie honderd vyf en sestig moenies geformuleer. Dan het hulle gedink as jy hierdie ses honderd en dertien dinge gedoen het, jy gehoorsaam was aan die Here en jy boonop vir jou 'n plek in die ewige koninkryk van God verseker het.

Die Tien Gebooe strek oor die hele lewe van die mens – oor sy siel en liggaam, nie net van die oggend tot die aand nie maar ook tot die volgende oggend, elke liewe dag van sy lewe. En wat eis God in hierdie Tien Gebooe van die mens? Iemand kan antwoord dat God ge-hoorsaamheid van die mens eis. Dit is natuurlik die waarheid. Maar so 'n antwoord sê nog nie vanuit watter diepte God hierdie gehoorsaamheid eis nie. 'n Mens kan die gebooe van die Here letterlik gehoorsaam, maar op so 'n wyse dat die Here nie daarmee tevrede is

nie. God is nie tevrede met 'n uiterlike gehoorsaamheid nie. Hy eis 'n gehoorsaamheid wat uit die diepte van die mens se wese kom – Hy eis liefde vir Homself en liefde vir die mens se naaste.

God eis nie net 'n deeltjie van jou tyd of 'n bietjie van jou lewe of net jou hart nie. Hy eis alles vir Homself op. Jy moet die Here jou God liefhê met jou **hele** hart en met jou **hele** siel en met jou **hele** verstand. Met jou hele liggaam en hele siel en met al jou tyd en energie moet jy God oral en altyd liefhê. En dit is nie al nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Wanneer ons hierdie eis hoor, geliefdes, krimp ons ineen. Die gelowige roep tot die Here uit: Here, ek kry dit nie reg nie! Ek hoor wat U van my verwag, maar my geaardheid is nie so nie. Ek het U nie van nature lief nie, want elke dag probeer ek weer self baas wees oor my lewe. Ek het my naaste nie van nature lief soos wat ek myself liefhet nie. Inteendeel, ek probeer keer op keer my eie sin kry al beteken dit dat ek my naaste te na kom.

En nou sê Jesus boonop dat as die gelowiges se geregtigheid nie oorfloediger is as die Fariseërs en die skrifgeleerdes s'n nie, sal hulle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie. 'n Mens wat dan uitroep: Here, dan is dit mos onmoontlik dat iemand ooit in die koninkryk van die hemele kan kom!

Hierop sê die Here: Inderdaad, vir mense is dit geheel en al onmoontlik. Want ek eis geregtigheid nie in wat jy doen nie, want jou geregtigheid – jou gehoorsaamheid – sal nooit diep genoeg wees nie. Jou natuurlike geaardheid gaan al jou gehoorsaamheid aan my wet besmet. Jy is van nature 'n sondaar. Daarom gee Ek my Seun Christus as jou geregtigheid en heiligheid. En jy kry hierdie geregtigheid en heiligheid slegs deur die geloof in Jesus Christus. Hy het nie gekom om in jou plek die wet te gehoorsaam sodat jy dit nie hoef te doen nie. Hy het gekom om in jou plek my ewige straf op jou ongehoorsaamheid te dra. En wanneer jy met jou hele hart glo dat Christus dit vir jou gedoen het, het die Heilige Gees aan jou die geloof geskenk en maak Hy jou gewillig en bereid om in Jesus se voetspore te begin loop ook wanneer dit kom by die liefde wat Ek van jou eis.

Broers, susters en kinders, dit is waar – ons sal in hierdie lewe nooit volmaakte liefde aan God en ons naaste kan bewys nie. Ons lewe lank is ons sondaars, want ons is van nature sondig. Maar Christus het sy volmaak heilige lewe aan die kruis gegee om die mens se skuld vir sy sonde te betaal. Die Heilige Gees gee aan die gelowige 'n nuwe hart waarop Hy die wet van God neerskryf, en sodoende verander die mens hoe langer hoe meer om

te begin om gehoorzaam te wees.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:53, 54 (p. 597)

- 53 Tot U roep ek; HEER, verhoor my, / en verlos my, maak my trou,
dat ek u getuïenisse / heel my lewe lank kan hou.
Op u woord steun my verwagting: / smôrens by die eerste lig
is my oë en my hande / en my stem tot U gerig.
- 54 Diep nog in die stille nagte / as ek niemand wakker hoor,
bring ek my u woord te binne / en bepeins dit oor en oor.
Hoor genadig, wek my lewe / na u heil'ge ordening;
want die snode wetsveragters / kom al nader aangedring.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Oktober 2016